
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Jy moet 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By VRAAG 1.6, 1.7 of 1.8 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Ek het nie geluister nie en toe ... **[50]**

1.2 Ek sal daardie onderwyser altyd onthou! **[50]**

1.3 Slaggate op my pad **[50]**

1.4 Sukses is net groot huise en duur motors. **[50]**

1.5 *Influencers* (Smaakmakers) is die nuwe rolmodelle **[50]**

1.6




[Bron: springboks.rugby/news] **[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




1.7



[Bron: eurythmia] **[50]**

1.8



[Bron: Vectorstock] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jou maat dink daaraan om na matriek 'n brugjaar ('gap year') te neem. Hy/Sy vra wat jy van 'n brugjaar dink.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou maat en gee jou opinie. **[30]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Jy werk by 'n sentrum waar laerskoolkinders ná skool hulle skoolwerk kan doen. Jy skryf 'n brief aan die hoof van Hoërskool Blinkklip om te vra of daar matriekleerders is wat in die namiddag by die sentrum kan help.

Skryf die FORMELE BRIEF. **[30]**

2.3 **HULDEBLYK**

Jou beste maat het by sy/haar ouma grootgeword. Die ouma is onlangs oorlede. Jy het die ouma ook baie goed geken. Jou maat het vir jou gevra om 'n huldeblyk by die ouma se gedenkdiens te lewer.

Skryf hierdie HULDEBLYK. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Jou beste maat se kêrel/meisie het haar/hom gelos. Jou maat is baie hartseer en praat met jou hieroor. Jy probeer om jou maat te help.

Skryf die gesprek (DIALOOG) tussen jou en jou maat neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jou skool is hierdie jaar 100 jaar oud en die skool beplan 'n lekker dag om die verjaardag te vier. Jy moet 'n plakkaat ontwerp om die mense oor hierdie dag in te lig.

Ontwerp die PLAKKAAT. **[20]**

3.2 **KORT TEKSBOODSKAP (WhatsApp)**

Jou maat het die volgende teksboodskap vir jou gestuur:

Thando! Ek het na skool vir jou gewag om huis toe te stap. Jy het nie gekom nie! Waar was jy???? Is alles oukei?



16:00

Stuur nou vir jou maat 'n boodskap terug om te verduidelik wat gebeur het.

Skryf hierdie KORT TEKSBOODSKAP neer. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou ma sê sy sal jou betaal as jy Saterdag werk binne of buite die huis doen. Sy gee vir jou duidelike instruksies oor wat jy alles moet doen.

Skryf die INSTRUKSIES puntsgewys, onder mekaar en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African